

10 September

Skrifgedeelte: Handeling 25:13-26 (OAV)

Fokusgedeelte: Handeling 26:28

Jy beweeg my byna om 'n Christen te word!

In hierdie gedeelte kry ons 'n kort, bondige samevatting van Paulus se hele lewe. Hy vertel aan Agrippa en Bernice (terwyl Festus teenwoordig is) hoe hy opgegroeï het as Fariseër en later 'n vervolger van Christene geword het. Hy lê baie klem op sy wonderbare bekering op die pad na Damaskus wat 'n hele ommekeer in sy lewe bewerk het. Dit het ook in die lewens van al die mense met wie die apostel in aanraking gekom het, 'n ommekeer bewerk, omdat hy aan hulle bekering van hulle sondige weë verkondig het. En omdat hy dit gedoen het, wou die Jode hom vang en ombring.

Hierdie beskrywing van sy lewe het Festus tot uitbarsting laat kom: “Jy is kranksinnig, Paulus; die groot geleerdheid bring jou tot kranksinnigheid!” (Dit het ook 'n spreekwoord in Afrikaans geword!)

Hierop het Paulus hom beroep op Agrippa se geloof: Agrippa glo wat in die Ou Testament geskrywe staan. Daarom sal hierdie dinge nie vir hom vreemd voorkom nie. Dit laat Agrippa uitroep: “Jy beweeg my byna om 'n Christen te word!” Beteken dit dat Agrippa tot geloof gekom het? Nee, dit het hom net laat besef dat Paulus onskuldig is aan al die valse beskuldigings waarvan die Jode hom beskuldig het, soos hy ook te kenne gegee het aan Festus.

Wat hou dit nou vir ons in? Jy kan, wat genoem word, 'n historiese geloof hê, soos Agrippa. Agrippa het geglo wat in die Ou Testament opgeteken staan, maar dit het hom nie tot die waarheid gebring nie. Hy het geen ware geloof gehad nie.

Ek en jy kan glo dat daar iemand soos Christus 2 000 jaar gelede bestaan het, maar ons glo nie dat Hy ons Verlosser is nie. Dit is 'n historiese geloof. Maar dit bring jou nie by die ware verlossing uit nie. Ons moet tot inkeer kom en ons tot God bekeer, soos Paulus dit aan die heidene verkondig het, eers dan sal die Heilige Gees die ware geloof in jou hart uitstort.

Sing: Psalm 51:6 (Totius)

Ds EFJ Snyman (Emeritus)